



Oosies

NUUSBRIEF

2026
WERK EN OORWIN
Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit

#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

18/2026

21 Mei 2026

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Oosie-ouers, voogde en leerders

Die Oosie-kalender is steeds gevul met 'n magdom aktiwiteite waarin elkeen hul Oosie-gees kan uitleef.

Die Kaskardag het gewys hoe maklik pret en fondsinsameling hand aan hand kan gaan. Ons leerders het behoorlik die lyne tussen fondsinsameling en pret doodgegee en die dag met hope energie, kreatiwiteit en groot glimlagte aangepak. Die kleurvolle uitrustings en vrolike atmosfeer het beslis van hierdie dag 'n onvergeetlike een gemaak. Baie dankie aan elke leerder, ouer en personeellid wat deel was van die sukses van die dag. Julle entoesiasme en ondersteuning maak werklik 'n verskil.

Ons is besonder trots op ons **Eco-Oosies**, wat op 16 Mei vir Wollies besoek het. Hierdie projek het bewys dat klein hande groot verskille kan maak. Die Eco-Oosies het hul markdagwinste gebruik om 106 meter kombersmateriaal aan te koop en met groot toewyding komberse vir diere in nood gemaak. Tydens hul besoek is meer as 300 produkte geskenk, waaronder 'n ongelooflike 103 komberse. Ons leerders het eerstehands beleef hoe 'n dierewelsyns-organisasie funksioneer; van hokke skoonmaak en komberse was tot kosbare tyd saam met die diere spandeer. Ons spreek ook ons opregte waardering uit teenoor Wollies vir hul tyd, moeite en gasvryheid om ons leerders daar te ontvang.

Ons atlete en spelers ding steeds in verskeie sportsoorte mee en maak ons trots met hul deursettingsvermoë en sportmanskap. Vyf en twintig Oosie-spelers neem deel aan die Blou Bulle rugbyproewe: Wian Germishuizen, Stefan Nel, Kurtley Barendse, Elridge Levendal, Matthew Oelofse, Ruvan Myburgh, Tumelo Maphaha, Zandre van Dyk, Christiaan Nothnagel, Willie van Niekerk, Marnus Grobler, AJ Kleinsmit, Jaeyhd Fortuin, Wanré Strydom, Dillan Lubbe, Thando Telelo, Sinawo Stengana, Riyaan Wilson, Arno Badenhorst, Michael Budha, LJ Vaughn, Tyrese Adams, Le Roux Smith, Jayden Meintjies en Brian Jacobs.

Komende Saterdag speel ons rugbyspanne 'n **tuiswedstryd** teen Transvalia. Ons nooi al ons Oosie-ouers, leerders en ondersteuners uit om die dag saam met ons te geniet en ons spelers van die pawiljoen af te ondersteun. Kom ons vul die veld met Oosie-gees en maak hierdie laaste tuisbyeenkoms een om te onthou!

Baie dankie vir elkeen se voortdurende ondersteuning en betrokkenheid by ons skool. Dit is 'n voorreg om deel van hierdie besonderse Oosie-familie te wees.

Vriendelike groete

Me S Theron

HOOF

ALGEMEEN

Belangrike datums en kontakbesonderhede

- 25 Mei : Pasteibestellings sluit
- 15 Junie : Skoolvakansiedag
- 16 Junie : Jeugdag
- 19 Junie : Pa-en-seun aand
Eksamen eindig
- 22 Junie : Winterskool begin
- 22 – 26 Junie: Normale skoolweek
- 26 Junie : Skool sluit

Personeel

Ons wens me M Kok (Ontvangsdame) 'n spoedige herstel toe na haar operasie.

Ons gelukwense aan me C Labuschagne (onderwyseres) met die geboorte van hul babadogtertjie. Wens julle baie liefde, gesondheid en seën toe as gesin!

Opdatering van inligting

Ons versoek ouers om asseblief hul inligting (e-pos, woonadres, kontaknommers, ens.) op die skool se d6 toep gereeld na te gaan en op datum te hou. Hierdie inligting is noodsaaklik vir kontakdoeleindes, noodkommunikasie, administrasie en om te verseker dat ouers belangrike skoolkommunikasie betyds ontvang.

Ouers dra die verantwoordelikheid om hul kontakbesonderhede by te werk, enige veranderinge betyds aan die skool deur te gee, en die platform gereeld te monitor.

AKADEMIE

Mei/Junie eksamenrooster

Die eksamenrooster is op die skool se [webwerf](#) beskikbaar.

Graad 12 Winterskool

Die graad 12-leerders se Winterskool word hierdie jaar aangebied vanaf 22 Junie tot 11 Julie.

Registrasie

Leerders moet asseblief [hier](#) registreer.

SPORT

Bepalings, oefentye, programme en uitslae

Hierdie inligting word, soos ontvang, op die skool se kommunikasiekanale (by die onderskeie sportsoorte geplaas).

Parkering vir persone met gestremdhede

Indien daar ouers is wat toeganklike parkering (vir persone met gestremdhede) benodig tydens ons sportaktiwiteite, word u vriendelik versoek om vooraf met ons sporthoof, mnr. B. Pretorius, kontak te maak by sport@oos-moot.co.za.

Toegang en toegangsgelde

- ❖ Streng toegangsbeheer sal toegepas word.
- ❖ Alle toegangshekke is **KONTANTLOOS**.
- ❖ Kaartjieverkope sal slegs by die hekke plaasvind en kan via 'n debiet-/kredietkaart aangekoop word.

Volwasse nes	R20 per persoon
Voertuie	R30 per voertuig (sluit bestuurder se toegang in)
Leerders in gewone drag	R20 per persoon
Leerders in skooldrag	GRATIS
Kinders onder 12 jaar	GRATIS

HOKKIE

Wedstryd en busreëlings

- Dogtershokkie : [23 Mei 2026](#)
 Plek : Curro Hazeldean
 Busvertrektyd : 06:45 na Curro
 Terugkeertyd : Ongeveer 14:00

NETBAL

Bepalings

- 22 Mei : [H/S Zwartkop \(tuis\)](#)
- 25 Mei : [AHMP \(tuis\)](#)
- 27 Mei : H/S Menlopark (weg)

RUGBY

Wedstryd vs Transvalia

- Datum : 23 Mei
 Plek : Oos-Moot

SAGTEBAL

Proewe

Die sagtebalproewe vir alle belangstellende leerders vind soos volg plaas.

Datum	Ouderdom	Tyd
Nuwe datum binnekort beskikbaar.	o.14	15:00 tot 17:30
30 Mei	o.14 tot 0.19	14:00

- Plek : Sportterrein (Hertzogstraat)
 Registrasie : [Registreer NOU](#). Registrasies sluit een week voor die proewe.

Navrae kan gerig word aan t.ferreira@oos-moot.co.za.

KULTUUR

OOSIE-ENGELE

Oosie-Engel Boks-insameling

Volgende kwartaal begin Oosie-Engel met 'n spesiale boks-insameling vir ons mindergegoede seuns en dogters in ons skool en gemeenskap.

Ons nooi almal uit om betrokke te raak deur 'n boksie met noodsaaklike items saam te stel – vir meisies en/of seuns.

Meisies se boksies kan items soos gesigwas, deodorant, lyfroom, sanitêre produkte, lyfseep, spuitgoed, tandeborsel, tandepasta, skeermes, haarrekkies, 'n haarborsel, kam en selfs 'n lekker sjokolade bevat.

Seuns se boksies kan items insluit soos deodorant, lyfroom, lyfseep, gesigwas, spuitgoed, tandeborsel, tandepasta, skeermes, seep, sjampoe, 'n kam en 'n klein bederfie soos sjokolade.

Elke boksie gaan nie net praktiese hulp bied nie, maar ook wys dat iemand omgee.

Skenkings kan voor of op 31 Julie by K18 ingehandig word.

Kom ons staan saam, gee met liefde en maak 'n verskil in iemand se lewe!

RASIELEIERS

Kompetisies

Datum	Kompetisie
30 Mei	MOVE – Laerskool Bergsig (15:00)
6 Junie	MOVE
7/8 Augustus	IFAA (proewe en semi's)

BUITEPRESTASIES

SPORT

Erkenning van buite-skool prestasies (prestasies buite skoolverband).

Klik op die skakel hieronder.



PROJEKTE

Boubakstene benodig

Baie, baie dankie vir die skenkings wat reeds ontvang is. Die projek waar die stene huidige gebruik word (area tussen die personeel-kamer en klaskamers) is in proses.

Ons benodig egter dringend nog stene om die res van hierdie en ander projekte te finaliseer

Ouers wat oor oorskot *HALWE OF HEEL* boubakstene beskik of stene het wat net in die erf rondstaan, word vriendelik versoek om dit, indien moontlik, aan die skool te skenk.



Reëlins vir die oplaai van die stene kan getref word deur ons Geboue- en Terreinkantoor te kontak by (012) 332 0601 of per e-pos by geboue@oos-moot.co.za.

PVM PRODUKTE

PVM-produkte nou by Oos-Moot beskikbaar!

Bestellings

- Voltooi die [bestelvorm](#).
- Stuur die voltooide vorm en navrae per e-pos na: pieterses@oos-moot.co.za

Aflewering

- Aflewering vind plaas in die week ná die sluitingsdatum van elke bestelling.
- U sal 'n e-pos ontvang met die dag en tyd waarop u, u bestelling by die skool kan kom afhaal.

"STICK DRIVE" - Hokkie

NUUSBRIEFADVERTENSIES

Adverteer in ons skool se nuusbrieff. Koste en volledige inligting by die [skakel](#) beskikbaar.

2 JUNIE
— 2026 —
AKASIA GHOLFBAAN

OOSIE BL GHOLFDAG



4 BAL R5 000
Ingesluit: Gholffkar, Halfweg Ete,
Pryse Te Wen, Prysuitdeling met Ete & Veiling

PUTJIE BORGE
— **R6 000** —
Bring eie bemerkings
materiaal

 **BESPREKINGS EN NAVRAE:**
MATT TALJAARD
084 677 1025

 **SKANDEER**
om in te Skryf

 **SKANDEER**
vir Putjie Borg

Dankie aan die volgende Oosie Gholfdag
borge wat reeds putjies geborg en betaal het.



CINDY-ANN LE ROUX
HR / Creditors

Address:
800 34th Avenue,
Villiers, Pretoria

012 332 1818
083 226 2907
cindy.ann@blitspta.co.za



www.diydepot.co.za

Ondersteun
jou gemeenskap.

Vra spesifiek by
Blits kassiere
jy wil jou aankope onder
Hoërskool
Oos-Moot
Kontantdonasierekening
doen.

Blits gee 10% korting terug aan
Hoërskool Oos-Moot.

 800 34th Avenue, Villiers
Tel: 083 226 2307
www.blitspta.co.za

 **DIY DEPOT** **BLITS**
012 332 1818



 **ZEROPLUS**
PRINTERS • EMBROIDERS

12 Eland Street,
Koedoespoort
Tel. 012 333 6712
info@zeroplus.co.za
www.zeroplus.co.za
Mon to Fri 08:00 - 17:00

DESIGN & LAYOUT
PRINTING ENHANCEMENT
PRE-FLIGHT
PRINTING
BINDING & FINISHING
DELIVERY

NEW!
EMBROIDERY



012 804 3280
info@uitkykvleismark.co.za

UITKYK Meat & Supermarket

Harcourts Evolve

90+
YEARS



BUILD IT ONCE.
EXACTLY WHAT YOU NEED, WHEN YOU NEED IT!



Willard Batteries PRESS



BERCHTESGADEN
GAME RANCH & LIFESTYLE FARM

**ARRIE NEL
PHARMACY GROUP**
Family Values.
Value For the whole Family.

TOTIUSDAL PHARMACY

012 332 1911 / 012 332 1912
totiusdal@arniel.co.za

ADDRESS: 779 Cordon Avenue, Waverley, Pretoria, Gauteng
WEBSITE: www.arniel.co.za WHATSAPP/EMERGENCY: 061 549 2255



LEKKERfm
www.lekkerfm.com



COLBYN GOLF PARK



JAKKELSROEP



**P BIER BUSES /
BUSDIENSTE**



**SAFEKEEPING
VAULTED**